## DEPARTEMENT VAN KLEURLINGBETREKKINGE EN REHOBOTH-AANGELEENTHEDE

No. 1163 5 Julie 1974

### WYSIGING VAN REGULASIES KRAGTENS DIE KINDERWET, 1960 (WET 33 VAN 1960)

Kragtens artikel 92 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), gelees met Proklamasie 303 van 1972, wysig ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede, hierby die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 236 van 21 Februarie 1964, soos gewysig, soos volg:

(a) Regulasie 153 (1) word deur die volgende regulasie vervang:

"153 (1) Behoudens die bepalings van regulasie 154, mag geen lyfstraf, ontneming van voorregte of ander straf van ernstige aard sonder die goedkeuring van die prinsipaal of superintendent of 'n beampte wat namens hom in sy afwesigheid optree, toegedien word nie.".

(b) Regulasie 154 word deur die volgende regulasie vervang:

"154. Lyfstraf mag nie aan 'n dogter toegedien word nie, tensy die prinsipaal of superintendent van die betrokke inrigting, veiligheidsplek, plek van bewaring of waarnemingsentrum spesiale goedkeuring daarvoor gevra en ontvang het van die Sekretaris.".

(c) Regulasie 156 word deur die volgende regulasie vervang:

"156. Lyfstraf word op die sitvlak toegedien met 'n rottang of gladde ligte lat en geen ander soort liggaamstraf mag sonder die goedkeuring van die betrokke distriksgeneesheer toegedien word nie.".

S. W. VAN DER MERWE, Minister van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede.

## DEPARTMENT OF COLOURED RELATIONS AND REHOBOTH AFFAIRS

No. 1163 5 July 1974

### AMENDMENT OF REGULATIONS UNDER THE CHILDREN'S ACT, 1960 (ACT 33 OF 1960)

Under section 92 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), read with Proclamation 303 of 1972, I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Coloured Relations and Rehoboth Affairs, hereby amend the regulations published under Government Notice R. 236, dated 21 February 1964, as amended, as follows:

(a) The following regulation is substituted for regulation 153 (1):

"153 (1) Subject to the provisions of regulation 154, corporal punishment, withholding of privileges or other punishment of a serious nature shall not be administered without the approval of the principal or superintendent or an officer acting on his behalf during his absence.".

(b) The following regulation is substituted for regulation 154:

"154. Corporal punishment shall not be administered to a girl unless the principal or superintendent of the institution, place of safety, place of detention or observation centre concerned has asked for and received special approval therefor from the Secretary.".

(c) The following regulation is substituted for regulation 156:

"156. Corporal punishment shall be inflicted on the buttocks with a cane or smooth light switch and no other form of corporal punishment shall be administered without the approval of the district surgeon concerned.".

S. W. VAN DER MERWE, Minister of Coloured Relations and Rehoboth Affairs.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1140 5 Julie 1974

### INTREKKING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 450 VAN 22 MAART 1974

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (2) (b) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), trek ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Goewermentskennisgewing 450 van 22 Maart 1974 in sy geheel in.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1141 5 Julie 1974

### VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die historiese woonhuis daarop te Kerkstraat 16, Tulbagh, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

'n Sekere stuk grond met die historiese woonhuis daarop, geleë in die munisipaliteit en afdeling Tulbagh, wat 'n konsolidasie van Erf 156 en 'n deel van Erf 157, Tulbagh, is en nou bekend staan as Erf 672, Tulbagh, groot 709 vierkante meter.

Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel 26591/1973, gedateer 17 September 1973.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1140 5 July 1974

### WITHDRAWAL OF GOVERNMENT NOTICE 450 OF 22 MARCH 1974

By virtue of the powers vested in me by section 10 (2) (b) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby withdraw in its entirety Government Notice 450 of 22 March 1974.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 1141 5 July 1974

### DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the property with the historic dwelling-house thereon at 16 Church Street, Tulbagh, to be a national monument.

*Description*

A certain piece of land with the historic dwelling-house thereon, situate in the Municipality and Division of Tulbagh, being a consolidation of Erf 156 and a portion of Erf 157, Tulbagh, and now known as Erf 672, Tulbagh, in extent 709 square metres.

Certificate of Consolidated Title 26591/1973, dated 17 September 1973.

